## SA Boerperd Telersgenootskap
## SA Boerperd Breeders Society
www.saboerperd.com

**2026**

**DOKUMENT C1:**

# AANBIEDING VAN SA BOERPERD SKOUE & KAMPIOENSKAPPE

**deur instansies, klubs of skougenootskappe**

***DOCUMENT C1:***

# *PRESENTING SA BOERPERD SHOWS & CHAMPIONSHIPS*

***by institutions, clubs or showing societies***

Die primêre doel van SA Boerperd skoue en kampioenskappe is om die SA Boerperd as ras te bevorder, sowel as om 'n veilige en gesonde kompeterende omgewing te skep wat die SA Boerperd Telersgenootskap se etos op 'n positiewe wyse uitdra.

*The principal aim of SA Boerperd shows and championships is to promote the SA Boerperd as a breed & brand, as well as to create a safe and sound competitive environment that reflects the SA Boerperd Society's ethos in a positive way.*

Om 'n skou onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap aan te bied, moet skriftelike aansoek aan die Raad gerig word. Die aansoek kan die volgende in een skrywe insluit:

(i) Aansoek om toestemming, datum en plek van die skou;
(ii) Aansoek om erkenning as kwalifiserende skou vir die SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe;
(iii) Aansoek vir toestemming om die SA Boerperd embleem te gebruik.

*To present a show under the auspices of the SA Boerperd Breeders Society, written application must be*
*submitted to the Board of the SA Boerperd Breeders' Society. The application*

*(i) Application for show, date and place;*
*(ii) Application for the show to be a qualifier for SA Boerperd National Championships;*
*(iii) Application for permission to use the SA Boerperd logo.*

1. Daar moet jaarliks 'n skriftelike aansoek by die Raad ingedien word vir die aanbieding van skoue en kampioenskappe wat onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap aangebied sal word.
   *Written application to present SA Boerperd shows and championships under the auspices of the SA Boerperd Breeders Society must be submitted to the Board each year.*

2. Daar moet aansoek gedoen word dat 'n skou as kwalifiserende skou vir die SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe erken sal word. Sulke skoue kan ook deur die Raad genomineer word.
   *Additional application must also be submitted for a show to be recognised as a qualifier for the SA Boerperd National Championships. Such shows may also be nominated by the Board.*

3. Die SA Boerperd embleem mag nie sonder goedkeuring van die Raad gebruik word nie.
   *The SA Boerperd logo may not be used without permission from the Board.*

4. Skriftelike goedkeuring moet verkry word van die Raad vir die datum, plek en status van 'n skou.
   *Written notice of approval of the date, place and status of the show must be obtained from the Board.*

5. Instansies / streke /organiseerders is self verantwoordelik vir verkryging van borge, rosette, ens.
   *Institutions / regions / organisers will be held responsible for obtaining of sponsorships, rosettes, etc.*

6. Die bepaalde minimum klasse moet aangebied word tydens amptelike Streek- en Nasionale Kampioenkappe. Verdere byvoegings tot die klaslys is volgens die diskresie van die organiseerders.
   *Minimum classes are prescribed for official Regional- and National Championships. Additional classes can be included according to the discretion of the organisers.*

7. Senior Beoordelaars en baanbeamptes moet gereël en aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.
   *Senior Judges and officials must be booked and submitted to the Board for approval.*

8. Instansies / streke / organiseerders is verantwoordelik vir alle kostes met betrekking tot die aanbieding.
   *Institutions / regions / organisers are responsible for all costs with regard to the presentation of the show.*

9. Genoegsame en aanvaarbare fasiliteite moet beskikbaar wees vir die aanbieding.
   *The facilities of the venue must be adequate and acceptable.*

10. Die aanbieders van die skou sal vir reklame en advertensies verantwoordelik wees.
    *The presenters of the show will be responsible for their own advertising and marketing.*

11. Skou inskrywings kan elektronies gedoen word, maar e-pos inskrywings word ook aanvaar. 'n Skakel moet bekend gemaak word vir elektroniese inskrywings. Ander inskrywings word gerig aan die persoon deur die organiseerders aangewys / goedgekeur, wat ook op die inskrywingsvorm aangedui sal word.
    *Entries can be done electronically, as well as with e-mail. A link will be made available for electronic entries. Other e-mail entries will be submitted to the person appointed / approved by the organisers, which will be indicated on the entry form.*

12. Inskrywingsfooie is aan die skou organiseerders betaalbaar.
    In gevalle waar buite dissiplines by die skou ingesluit word, sal die betalingsreëlings aan inskrywers gekommunikeer word.
    *Entry fees are payable to the organisers of the show.*
    *In cases where other disciplines are included in the show, arrangements for payment will be communicated to entrants.*

13. Streekkampioenskapskoue is onderhewig aan die SA Boerperd Telersgenootskap se skoureëls en regulasies.
    *Regional Championship shows are subject to the show rules & regulations of the SA Boerperd Breeders' Society.*

14. Inligting van die skoue/kampioenskappe moet aan alle lede van die SA Boerperd Telersgenootskap deurgegee word d.m.v. elektroniese media en die webblad.
    *Information of shows/championships must be communicated to all members of the SA Breeders' Society by means of electronic media, and the web page.*

15. Die skouprogram en tydskedule moet minstens 1 week (7 dae) voor die aanvang van die skou beskikbaar en gepubliseer word.
    *The show program and time schedule must be available and published at least 1 week (7 days) before its commencement.*

16. Uitsonderings sal slegs gemaak word met goedkeuring van die Raad.
    *Exceptions to the above rules can only be approved by the Board.*